BESLUIT VAN 'N VERGADERING
GENEEM DEUR OUERS MET LEERDERS VERBONDE AAN
LAERSKOOL MULDERSDRIF
GEHOU OP 15 NOVEMBER 2021

DIE BEHEERLIGGAAM VAN LAERSKOOL MULDERSDRIF STEL VOOR DAT:

1 Die skoolbegroting vir 2022 soos voorgestel en voorgelê deur die beheerliggaam, ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, aanvaar word deur die meerderheid ouers aanwesig;

2 Die beheerliggaam gemagtig word om enige tekorte op die begrote bedrae vir bepaalde begrotingsitems aan te vul, vanaf surplusse wat op ander items mag ontstaan, met die verstande dat die totale begroting nie oorskry word sonder die toestemming van 'n ouervergadering nie;

3 Die Beheerliggaam gemagtig word om 'n addisionele Beleggings bankrekening te open om sodoende rente te kan verdien;

4 Die Beheerliggaam gemagtig word om van 'n oortrokke tjekrekening fasiliteit gebruik te maak sou dit nodig wees;

5 Dat die voorgestelde aanstelling van bykomende personeel, prestasie- en addisionele betalings ingevolge artikel 38A van die Skolewet, goedgekeur word;

6 Dat die uitgawe ten opsige van personeel opleiding en funksies goedgekeur word;

7 Dat skoolgeld ooreenkomstig die bepalings van Artikel 38 en 39(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (hierna 'die Skolewet') vasgestel en gehef sal word;

7.1 Die voorgestelde skoolfonds vir 2022 sal wees:

Laerskool	-	R19, 250 00 per jaar;
Kleuterskool	-	R24, 000, 00 per jaar;
Gr 000	-	R24, 000, 00 per jaar;
Handboek Deposito (Gr4 tot 7)	-	R200, 00 per jaar;

8 **Terme van Betaling**

Skoolplekke word aan die leerders toegeken vir die volle jaar vooruit, so is die skoolgeld aan die begin van die akademiese jaar **ten volle vooruit betaalbaar** en verskuldig op die dag waarop die leerder sy plek inneem aan die begin van die jaar.

8.1 Om die kontantvloei van beide die ouers en die skool te akkommodeer maak die skool voorsiening vir sekere toegewings rondom die betaling van skoolgelde;

8.2 Volgens die toegewing reëlings, sal die skool betalings aanvaar op een van die volgende wyses:

8.2.1.1 **Vooruit** teen 31 Desember 2021, waar daar dan 'n **10% korting** van toepassing sal wees;

8.2.1.2 **Vooruit** teen 31 Januarie 2022, waar daar dan 'n **5% korting** van toespassing sal wees;

8.2.1.3 Laerskool - Elf **gelyke paaiemente** vanaf 1 Januarie 2022 en eindig 1 November 2022;

8.2.1.4 Kleuterskool & Gr000 – Twaalf **gelyke** paaiemente vanaf 1 Januarie 2022 en eindig 1 Desember 2022.

8.2.1.5 Handboek Deposito's sal betaalbaar wees op die 1ste skooldag, leerders sal slegs handboeke ontvang met bewys van betaling.

8.3 **Betalingmetodes**

Laerskool Muldersdrif is 'n kontantlose skool betalingsmetodes wat gebruik kan word vir die betaling van skoolfonds en ander aktiwiteite is:

8.3.1 Debiet Order (Voorkeur)

8.3.2 Smart Swipe

8.3.3 EFT

8.3.4 Zapper

8.3.5 Kaartmasjien

8.4 In die geval dat een van hierdie opsies nie uitgeoefen word teen 1 Februarie 2022 en die betrokke betaling en alle daaropvolgende betalings nie gedoen word volgens die opsies nie:

8.4.1 Word die jaarlikse fooi onmiddellik ten volle betaalbaar, en

8.4.2 Die skool behou die reg voor om aksies te inisieër om die volle uitstaande bedrag te verhaal met invorderingskoste.

8.4.3 Die skoolfondsskuld van 'n ouer (in die mate waarin hy/sy vrygestel is) is 'n statutêre verpligting en geniet dus voorrang bo ander vrywillige skuld soos gelys onder vrywillige aktiwiteite.

8.4.4 Gelde wat ontvang word, sal eers aan agterstallige skoolgeld toegewys word.

8.4.5 Indien 'n skoolfondsrekening agterstallig is sal deelname aan vrywillige aktiwiteite nie toegelaat word nie.

8.4.6 Kleuterskool en Gr000 skoolfonds wat 30 dae uitstaande is sal nie verder toegelaat word tot bywoning nie;

8.4.7 Die skool kan die nie-prestasie op skoolfondsverpligtinge by 'n buro aanteken.

8.4.8 Die skool het die reg om alle inligting wat aan hulle verskaf is, te verifieer.

9 Dat die skoolgeld betaalbaar sal wees ooreenkomstig die begroting wat deur die beheerliggaam voorgelê is;

10 Dat die volle uitstaande skoolgeld onmiddellik opeisbaar en betaalbaar word indien enige paaiement nie teen die betaaldag betaal is nie;

11 Dat enige gelde ontvang eerstens by skoolgelde geallokeer sal word;

12 Dat alle ouers ingevolge artikel 40 van die Suid Afrikaanse Skolewet verplig sal wees om skoolgeld te betaal, tensy hulle ooreenkomstig die bepalings van die Skolewet, van sodanige betaling vrygestel is;

12.1 Die kriteria vir die totale, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van ouers wat

nie in staat is om verpligte skoolgeld te betaal nie, word bepaal volgens die kriteria soos uiteengesit in die Regulasies vir Vrystelling van ouers van skoolgelde soos gewysig in Staatskoerant 39392 van 17 November 2006.

12.2 Dat die aansoeker die beheerliggaam op oorwig van waarskynlikheid moet oortuig dat hy/sy op enige sodanige vrystelling geregtig is.

12.3 Die verantwoordelikheid berus uitsluitlik by die ouers om aansoek te doen en bewys te lewer dat hulle volgens die norme en standaarde kwalifiseer vir kwytskelding of vermindering van skoolgeld. **Hierdie aansoekvorm moet jaarliks voltooi word en teen 1 Maart by die finansiële kantoor ingehandig word.**

13 Dat daar verskeie sport en buitemuurse aktiwiteite is wat nie deel vorm van die skoolprogram nie en addisionele koste sal dra.

13.1 **Addisionele Aktiwiteite:**

13.1.1 Naskool

13.1.2 Bus Vervoer

13.1.3 Sport Kampe en uitstappies

13.1.4 Koor & Kultuur kampe en uitstappies

13.1.5 Revue

13.1.6 Algemene aktiwiteite wat gedurende die jaar bekendgemaak sal word.

Die begroting vir 2022 is voorgestel vir goedkeuring deur:

JC PRETORIUS ouer van CHRISTIAN PRETORIUS in

Graad 3.

Handtekening:.....

Gesekondeer deur:

Reneth Woltaardt ouer van Jacques Woltaardt in

Graad 7.

Handtekening:.....

.....
WH BYLEVELD
HOOF

.....
E VILJOEN
BL VOORSITTER

.....
R DE BRUYN
BL TESOURIER